Emergency Hotline: 0800 029 999

WhatsApp Support Line: 0600-123456

COVID-19 Online Resource & News Portal SAcoronavirus.co.za

Hoërskool Lydenburg

Covid-19 Veiligheidsmaatreëls

Huis de Souza en Keethuis

Neem asseblief kennis van die volgende maatreëls om leerders se veiligheid in die koshuis tydens die Covid19 - pandemie te help verseker.

Hierdie maatreëls is bestudeer en goedgekeur deur Dr J Markram [MPhar Med Pret (2018), MMed (Oet G) Orange Free State (2005), MBCHB Oranje Vrystaat (1997)]

1. Algemeen
    - Elke koshuisleerder en enige ander persoon wat die koshuisterrein betree, moet ten alle tye ‘n masker dra.
    - Elke leerder moet in besit wees van 2 maskers. Elke aand voor bedtyd moet leerders die masker wat deur die dag gedra was, uitwas en in die kamer los om droog te word. Die 2’de masker kan dan die volgende dag gedra word.
    - Hande moet op ‘n gereelde basis gewas (20 sekondes met seep), of ontsmet word.
    - Leerders moet ten alle tye ‘n spasie van 1,5 meter tussen mekaar handhaaf.
    - Geen speletjies (sokker, “touch rugby”, ens.) sal toegelaat word nie aangesien dit die veilige, sosiale afstand wat gehandhaaf moet word, ongedaan sal maak.
    - Dorpsdae word gekanselleer. Leerders mag slegs dorp toe gaan met skriftelike toestemming (Whatsapp) van ouer/voog vir ‘n GELDIGE rede.
    - Aflewering van kos word toegelaat, maar leerders moet steeds ten alle tye die veilige sosiale afstand handhaaf.

2. Koshuisgange en verblyfreëlings:
    - Elke gang sal van ontsmettingsmiddel (Spirits en gliserien-mengsel) voorsien word, waarmee die koshuisleerders hul hande moet ontsmet elke keer wanneer hulle die gang binnegaan. Daar sal by die ingang van elke gang ‘n tafel met die nodige middels wees.
    - Elke seun/meisie sal enkelkamers toegeken word. Suid- en Weshuis by De Souza en Gang 4 by Keethuis sal oopgemaak word indien nodig om aan elke seun/meisie sy/haar eie kamer te kan gee.
    - Leerders sal nie toegelaat word om in mekaar se kamers in te gaan en te kuier nie.
    - Slegs leerders wat in die koshuis woon, mag die koshuisgronde betree; dus geen vriende of buitestaanders nie.

3. Eetsaal:
    - Elke leerder sal alvorens hulle die eetsaal betree, eers sy/haarr hande met onsmettingsmiddel ontsmet. Daar sal by ingange van die eetsaal ‘n ontsmettingstasie wees, waar die ontsmettingsmiddel beskikbaar sal wees. Streng kontrole sal hier toegepas moet word.
    - Ete-sessies sal in 2 verdeel word sodat daar nie te veel kinders in die eetsaal sal wees op een slag nie.
    - Slegs 4 leerders per tafel word toegelaat.
    - Onderwysers aan diens sal toesien dat spasies tussen leerders gehandhaaf word wanneer hulle wag vir hul ete-beurt en in rye staan.
    - Leerders mag hul eie eetgerei saambring soos benodig. Leerders MOET egter, sonder versuim, die eetgerei na elke ete was (wasbak, warm water en skottelgoedwasseep sal beskikbaar gestel word in kombuis). Leerders wat hulle eie eetgerei saambring en versuim om dit te was, sal die voorreg verloor om sy eie eetgerei te gebruik en dan van die koshuis se eetgerei moet gebruik maak.

4. Badkamers

    De Souza:

    - Slegs 2 seuns mag op ‘n slag stort. Die middelste stort moenie gebruik word as daar meer as een seun gelyk stort nie.
    - In elke toilet moet ‘n ontsmettingsmiddel geplaas word, sodat die hande, handvatsel en sitplek ontsmet kan word na gebruik.
    - Geen leerder mag direk uit enige kraan drink nie. Leerders moet hul eie bottels gebruik vir water.
    - Geen persoonlike higiëne items, soos sponse, seep, ens. mag agter gelaat word in badkamers nie.

    Keethuis:

    - Slegs 2 leerders op ‘n slag mag die badkamers gebruik en die tyd sal gereguleer word deur middel van tydroosters.
    - Toilette mag enige tyd gebruik word, maar leerders moet die toiletsitplek, handvatsel en hande ontsmet na gebruik.
    - Geen persoonlike higiëne items, soos sponse, seep, ens. mag agtergelaat word in badkamers nie.
    - Geen leerder mag direk uit enige kraan drink nie. Leerders moet hul eie bottels gebruik vir water.

5. Studie:
    - Tydens studietye sal elke koshuisleerder, waar moontlik, in sy eie kamer studeer. Die onderwyser aan diens sal tussen huise/gange beweeg en toesien dat orde gehandhaaf word.
    - Leerders sal onder geen omstandighede toegelaat word om sy/haar kamer te verlaat tydens studiesessies nie. Elke koshuisleerder sal in sy/haar kamer bly vir die volle duur van beide studiesessies (1 uur onderskeidelik).

6. Protokol wanneer enige simptome by leerders voorkom:
    - Wanneer enige leerder enige van die volgende simptome ontwikkel, sal hulle ouers verwittig word en sal die ouers onmiddellike reëlings moet tref om die leerder te kom haal en vir die nodige toetse te neem.
    - ‘n Leerder wat simptome toon MOET in sy/haar kamer geïsoleerd bly, totdat ouers/voogde die leerder kan kom haal.
    - Leerder sal slegs weer terug in die koshuis toegelaat word met ‘n bewys van negatiewe Covid-19 toetsresultaat, of na ‘n afsonderingsperiode weg van die koshuis van ten minste 21 dae.
    - Sou ‘n leerder positief toets vir Covid-19, sal die Departement van Gesondheid alle nodige stappe neem.

      Simptome:
      1. **Droë hoes**
      2. **Koors van 38ºC of hoër**
      3. **Seer keel**
      4. **Lyfseer**
      5. **Aangetaste smaak- en reuksintuie**

NB: Enige koshuisleerder wat hom/haar skuldig maak aan enige oortreding van die Covid-19 koshuis reëls en regulasies, sal **een** waarskuwing ontvang van die koshuisvader/moeder en sy/haar ouers sal onmiddellik in kennis gestel word van die oortreding.

By ‘n **tweede** oortreding van die regulasies sal die leerder onmiddellik uit die koshuis gesit word vir 21 dae, en sal dit die ouer se verantwoordelikheid wees om die leerder daagliks by die skool te besorg.

Ons, as koshuisbestuur, beskou die bogenoemde reëls en regulasies in ‘n baie ernstige lig, en sal sonder versuim optree om die koshuis vir elke leerder so veilig as moontlik te hou.

_____	_____	_____
C AUCAMP	G DORFLING	H MCGILL
Waarnemende Hoof	Koshuisvader	Koshuismoeder

_____
T NIEUWOUDT
Voorsitter: Beheerliggaam

SKOOLSTEMPEL